Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhouds-opgawe op bladsy 4 en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   **AFDELING A: GEDIGTE**
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord EEN vraag

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) en C (DRAMA)**

   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy egter die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beant = woord. Gebruik die kontrolelys op bladsy 5 om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 200–250 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 350–400 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord die vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**



| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. *Vraag* | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. *Afrika, my Afrika* | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. *Mercedesrit in die aand* | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. *pa* | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 5. storm | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 6. *Droomdelwers* | Opstelvraag | 10 | 11 |
| 7. *Droomdelwers* | Kontekstuele vraag | 25 | 11 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 8. *My Japan* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| 9. *My Japan* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |



***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**Jy mag NIE TWEE opstelvrae of TWEE kontekstuele vrae beantwoord NIE.**

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel- of kontekstuele vraag) | 6–7 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel- of kontekstuele vraag) | 8–9 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C. | | | |

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Vraag – Lina Spies**

Verliefheid – so is proefondervindelik vasgestel –
duur ŉ jaar, hoogstens agtien maande;
langer is die hartkloppings, die kortasemheid
nie uit te hou nie. Verliefdheid is ŉ siektetoestand.
Maar wat van wat daarop volg
as dit nie afgestorwenheid is nie, maar liefde?
Is dit draagliker omdat dit minder gerig is
op die drif gehuisves in die lendene
en meer op wat skuil in die buitekring van die sintuie,
in die glim van ŉ lag en die opslag van ŉ oog,
op dít wat jou aan die geliefde bind
met ŉ kragdraad so dun
en so onbreekbaar soos ŉ haar?

[Uit: *Tydlose gety*]

Liefde en verliefdheid word in hierdie gedig gekontrasteer. Die leser word duidelik bewus van die kompleksiteit van die liefde.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 200–250 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Afrika, my Afrika – Daniel Hugo**

I
vergeet van sprinkane en droogte
haelstorms en meteoriete
dit is die klein irritasies
wat my radeloos maak:
vlieë, vlooie, muskiete

II
die muskiet prospekteer met sy boor –
stellasie op die vlakte van my vel:
hy soek die minerale in my are

III
die vervlakste, ratse vlooi is 'n spring –
haas op die karooveld van my kooi

IV
die vlieg is 'n voorste sensasiesoeker:
in hierdie droë land is hy eerste by – geboei
deur trane wat loop, bloed wat vloei

[Uit: *Hanekraai*, 2012]

2.1 Verklaar die ironie in die gedigtitel. (1)

2.2 Verklaar die rede vir die gebruik van die Romeinse syfers in die gedig. (1)

2.3 Halfrym word effektief in strofe 1 en 3 aangewend. Gee die funksie van die r-alliterasie en die a-assonansie onderskeidelik. (2)

2.4 Verduidelik die hiperbool in strofe 2 asook beide metafore in strofe 3 in jou eie woorde. (3)

2.5 Wat is die funksie van die enjambement in strofe 3? (1)

2.6 Wat is die tema van hierdie gedig? Sê ook watter stemming in die gedig oorheers. (2)

**[10]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Mercedesrit in die aand – Willem Krog**

Sit hulle met monde moeg gesluit
yl langs sy enkel weerkaatsing in die ruit
die executives van die stad wat huis toe gaan

Skaduweekinders gly verby
stukkende bedelvaandels wapper wanhopig
in die swartpad op soek na kos en kleed

Die vaartuig blink in die ster geklink
sagte leer omhul die stuurman aan die wiel
betaal uit die opbrengs van die slawemaal

Yl langs sy enkel weerkaatsing in die ruit
sit hulle met monde moeg gesluit
die executives van die stad wat huis toe gaan

[Uit: *Assignaat,* 2014]

3.1 Op watter interteks is hierdie gedig geskoei? Wees spesifiek. (1)

3.2 Benoem die stylfiguur in versreël 1 en gee die rede vir die gebruik hiervan. (2)

3.3 Hoe word die driereëlige strofes in die gedig genoem. (1)

3.4 Herlees strofe 2 en 3.

Sê in watter opsig strofe 2 en 3 kontrasteer. Verduidelik waarom die sterbeeld juis in versreël 7 geslaagd is. Motiveer ook of die woorde in versreël 9 'n aanklag op die mensdom is, al dan nie. (3)

3.5 Gee die funksie van die halfrym/klankeffek in versreël 11. (1)

3.6 Wat is die tema en die boodskap van die gedig? (2)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**pa – Marlise Joubert**

hy was nie 'n man van staal nie

waar die reën se blink some
alkant oor die berge sleep
hoor ek hom lag hoor ek hom praat
waar die knettervuur van son
die heuwels kaal skeer
hoor ek hom ween hoor ek hom roep

pa was nie 'n man van staal nie
pa was in murg en borsbeen
'n doodgewone man

ontslape vertoef hy soms in my drome
dans rond in stiltes van my boord
versteur die wilgertoiings
ryg wingerdharte aanmekaar
en hang dit elke dag
voor my kamervenster oop

op die lessenaar drup sy inkpen leeg
glip die lig van 'n lamp oor die laaste brief:
*ek was 'n doodgewone man*
*met borswonings van lag en van huil*
*murgsag en in die liefde geskaad*

*en my dood was soos dit ons aarde behaag*

[Uit: *Lyfsange,* 2001]

4.1 Wat is die funksie van die enkelstrofe aan die begin van die gedig? (1)

4.2 Gee die rede vir die afwesigheid van leestekens in versreël 4 en 7. (1)

4.3 Benoem die retoriese middel wat treffend in versreël 8 aangewend word. (1)

4.4 Watter woord in strofe 4 bevestig dat die pa nie meer lewe nie? Sê ook watter karaktereienskap van die pa uit sy handeling in versreëls 14–16 blyk. (2)

4.5 Haal die versreël in strofe 5 aan wat die klimaks van dié strofe is. Hoekom, dink jy, sou die pa moontlik so kon voel? Dink jy die slotstrofe bring vir die spreker 'n mate van vertroosting? Motiveer jou antwoord. (3)

4.6 Watter stemming oorheers in hierdie gedig? Sê ook hoe die digter verstegnies daarin slaag om hierdie stemming te bewerkstellig. (2)

**[10]**

**EN**

Kopiereg voorbehou

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**storm – Mari Grobler**

1 die reën waai die see in
2 stroomop teen die slapelose blou
3 ŉ basviool dreun in die branders

4 die wind verskuif die duine
5 sluit die blomoog van die pimpernel
6 vou die botterblomme toe

7 die storm stuit later die voëls se vlug
8 dwing hulle terug aarde toe
9 net die pikkewyne bly

10 onder die water

[Uit*: Toe dit nog vroeg was,* 2011]

5.1 Bewys dat hierdie gedig ŉ vrye vers is. (1)

5.2 Metonimia kom in die woord *blou* voor aangesien dit iets aandui. Vervang *blou* met ŉ woord uit versreël 1 om die betekenis van dié beeld duidelik te laat blyk. (1)

5.3 Benoem en verklaar die beeldspraak in versreël 3. Benoem ook die halfrym wat in dié versreël opvallend is. (3)

5.4 Alle natuurelemente buig voor die wil van die wind.

Bewys hierdie stelling met EEN bewys uit strofe 2 en EEN bewys uit strofe 3. (2)

5.5 Wat, dink jy, is die tema van die gedig? (1)

5.6 Hoekom staan die slotstrofe alleen? Noem TWEE redes. (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag.

### *DROOMDELWERS* – Esta Steyn

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DROOMDELWERS* – OPSTELVRAAG

Leendra van Hellberg en Pastoor Gerald ervaar deur die loop van die roman konflik.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 350–400 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DROOMDELWERS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Dis Sielie wat voor haar bed staan.

“Sielie?”

“Ssu-ssie.”

Sielie se donker krulle staan woes en wild om haar kop. Haar donker oë kyk stip. Sy haal ŉ lappop onder jaar pajamatop uit. “M-mamma kan ... by Ssu-ssie s-slaap.” Sy lê die lappop langs Leendra neer en trek dit versigtig met die punt van die duvet toe.

“Dankie, Sielie.”

“Nag, Ss-ssussie. Nag, M-mamma.”

En toe gaan Sielie uit en trek die deur agter haar toe. Leendra staar na die pop met die donkerbruin wolhare. Dit het ŉ voorskoot aan. Die lyfie is sag en gerond. Die oë is twee bruin kraletjies. Die lippies is laggend en pienk.

Mamma.

Die pad na die Kleinkloof loop op teen die kliprante, agter die hotel verby. Die kliphuis, die kamers, die kombuis, die koekies, die werf, kuikens, die steengroef, klippe.

Mamma!

Die trane wat so lank diep weggesteek was, loop uit en val op die bruin kraletjiesogies wat huil, nes sy. Dwarsdeur die nag voel sy die lyfie teen haar rug. Sy droom van die werf en die huis in die kloof. Haar ma plant pers vygies teen die rotsrante. Haar ma gee die hoenders kos. Sielie help haar.

Sy word wakker en met skielike helderheid onthou sy iets. Dis ŉ vlietende gedagte wat helder deur haar brein dring: Die Italianer wat by Pa was. Wie was hy?

Sy slaap weer.

Toe sy die volgende oggend wakker word, staan die deur effens oop. Daar is geen teken van die Mamma-pop nie.

7.1 Watter belangrike gebeurtenis het vroeër hierdie dag plaasgevind? (1)

7.2 Benoem die soort verteller in hierdie uittreksel en verklaar die rol van die verteller in reël 1. (2)

7.3 Verklaar die gebeure wat tot Sielie se spraak in reël 3 aanleiding gegee het. (1)

7.4 Hoe het die lappopmotief voortdurend die spanning in die verhaal verhoog? Motiveer ook dat dié lappopgesin tot Sielie se karakterontwikkeling bygedra het. (2)

7.5 Hoekom ervaar Leendra innerlike konflik oor haar ma? Is hierdie konflik eindelik opgelos? Motiveer jou antwoord. Noem enige EEN voorbeeld van uiterlike konflik by Leendra en motiveer of dié konflik opgelos word. (4)

7.6 Wat is die naam en van van die Italianer wat Leendra in reël 25 onthou? Gee TWEE karaktereienskappe van die karakter en motiveer telkens hoekom jy so sê. (3)

**EN**

**TEKS B**

*'n Week na Rebekka se begrafnis het die nuus gekom dat Western Mining 'n offer van miljoene rande ingesit het by die Redelinghuyse om Vlaktevlei yt te koep. Die klipman het van ver af gekom virrie groot transaksie.*

Leendra loop met die bossie blomme oor die wit soutpan tot waar die rooi kol in die wit sout gelê het. Sy sit die blomme neer en kniel stil peinsend. Sy kyk op wanneer sy die geluid hoor. Dis Samuel se rooi Ford-bakkie wat van ver af aangery kom! Sy spring op en hardloop hom met lang hale tegemoet. Hy klim uit die bakkie, tel haar hoog op in die lug en sit haar weer neer. Hy lees die blydskap in die groen oë.

<u>Juffrou Van Helleveeg</u>, as ek jou vra om saam met my in 'n tent te woon, belowe jy plegtig om nie ons tentpenne uit te pluk nie?

"Ja!" sê sy.

Toe soen hy haar daar op die ooptes van die wit hemel waar die son soos diamante op soutkristalle skyn.

*Toe Western Mining Vlaktevlei oorvat, het hulle vir ons nuwe klaskamers by die skool aangebou en Jamaina weer aangestel as prinsipaal. Hulle het nuwe hyse gebou en parke aangelê. Hulle het die strate geteer. Hulle het groot kantore daar opgesit en Vos Philander wat by die skool bedank het, het daar 'n offiesjop gekry. Hulle het vir ons 'n groot community hall gebou met 'n kliniek daarby. Dit was die Rebekka Cupido Community Hall.*

7.7 Verklaar die rede vir die wit spasie tussen reël 4 en 5. (1)

7.8 Verklaar die rede vir Leendra se handeling in reël 5–6. Dink jy Leendra se optrede is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (2)

7.9 Watter karakteriseringstegniek span die skrywer in die onderstreepte woorde in reël 11 in om Leendra te karakteriseer? Watter afleiding kan die leser hieruit omtrent Leendra maak? (2)

7.10 Dink jy reël 18–19 dui op ŉ ironiese wending in die verhaal? Motiveer jou antwoord. Dink jy die verwikkeling in reël 16–22 skakel op konnotatiewe vlak met die romantitel? Motiveer jou antwoord. Sê ook hoekom die naam van die gemeenskapsaal baie gepas is deur na Pastoor Gerald se preek by Rebekka se begrafnis te verwys. (3)

7.11 Beskryf kortliks die verskil in die stemming wat in TEKS A en TEKS B heers. (1)

7.12 Wat is die hooftema en ŉ moontlike boodskap van *Droomdelwers*? Sê ook watter implikasie die romantitel vir Leendra se karakterontwikkeling ingehou het. (3)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling slegs EEN vraag.

***MY JAPAN* – Schalk Schoombee**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 8: *MY JAPAN* – OPSTELVRAAG

Ilse en Mercia ervaar deur die loop van die drama konflik.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 350–400 woorde. **[25]**

### VRAAG 9: *MY JAPAN* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

| | |
|---|---|
| ILSE: | Een, twee, drie! Ruk daai lyfie, rol daai koppie! Spring, spring, spring, hop en skop, dowwe dolla dans! Skud daai breintjie, wikkel daai lyfie tot die monde oophang! Wie wil agter ’n simpel bal aanhol met ŉ stok? Nee dankie. |
| | *Elzette haal ŉ lemmetjie uit en begin haar been kerf dat die bloed loop. Sy neem die bloed en teken ŉ streep oor haar wang. Engela, Ilse se niggie, kom links op en gaan staan skuins agter Ilse. Hulle gesels op Facebook. Hulle "mime" hul skootrekenaar.* |
| ENGELA: | *(tik)* Die Japannese is groepmense. |
| ILSE: | *(verbaas, tik)* Ek weet, Engela. Hulle konformeer ook. |
| ENGELA: | *(tik)* Streng kulturele dissipline het hulle voorberei om saam te staan. |
| ILSE: | *(tik)* Soos met die tsoenami... |
| ENGELA: | *(tik)* Nooit gekla nie, geduldig gewag in ellelange rye, mekaar gehelp met mense uitgrawe, kosgee. Geen winkels is geplunder nie. Hulle het nie hul goeie maniere verloor nie. |
| | *Elzette verf haar gesig vol bloedstrepe, staan op en dans haar eie vinnige, frenetiese, individuele dans, terwyl die leerlinge en Juffrou Venter agter in stadige aksie gereglementeerd beweeg.* |
| ILSE: | *(tik)* Engela! Kom ons SKYPE gou. |
| ENGELA: | *(tik)* Goed, net ŉ oomblik. |

Kopiereg voorbehou 

*Hulle gaan staan teenoor mekaar in profiel.*

ILSE: Hallo, niggie!

ENGELA: Hallo skattebol!

ILSE: Jy't maer geword!

ENGELA: Werk hard, kleintjies bedags en grootmense saans. Eet baie vis en sasjimi.

ILSE: Wat's dit?

ENGELA: Gesnyde rou seekos, vis en skulpvis met sojasous en wasabi en daikon, gekerfde radys. Nie vir Boere wat hou van braaivleis en boerewors nie!

*Die groep agter sit hande oor die mond, gechoreografeerde mimiek van naar word.*

9.1 In watter ruimte bevind die leerlinge, Ilse en Elzette hul onderskeidelik in hierdie toneel? Bewys ook dat hierdie gedeelte deel vorm van die ontwikkelingsfase in die drama. (4)

9.2 Herlees reël 6–8.

Verklaar die dieperliggende betekenis van Elzette se handeling. Dink jy haar optrede is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (2)

9.3 Bewys dat Ilse se pa nie aan Engela se beskrywing van die Japannese voldoen nie. (1)

9.4 Wat is die rol van die verteller in reël 16–19? (1)

9.5 Herlees reël 20–23.

Verduidelik wat 'n frenetiese dans is en sê wat die kontras tussen Elzette en die leerlinge se dans presies behels. Wat is die dieperliggende betekenis van Elzette se dans? (3)

9.6 Wat word die kursiefgedrukte gedeelte in reël 26 genoem? Sê ook wat die funksie van dié kursiefgedrukte woorde is. (2)

Kopiereg voorbehou

**TEKS D**

| | |
|---|---|
| ENGELA: | (*Skype*) Gee haar tyd om die gedagte te verwerk. Jy's al wat sy het. Gee kans. |
| ILSE: | (*Skype*) Wel, ek hou nie my asem op nie ... |
| | *Ilse klap haar skootrekenaar toe, trek haar kimono aan en help haar ma tafel dek.* |
| MA: | (*aan Ilse*) Ilse, dis okay met my. Jy kan maar gaan. |
| ILSE: | Wat? |
| MA: | Dit sal vir my baie swaar wees, ek sal jou elke dag mis, maar jy kan Japan toe gaan. Ek kan jou nie, sal jou nooit keer nie. |
| ILSE: | Ek wil nog steeds gaan, Mamma. Ek sal self spaar. |
| MA: | Bring die vorms dan vul ons dit saam in. Ek het iets weggesit vir jou. |
| ILSE: | Dankie, Ma. Maar ek weet nou, my Japan bestaan nie. My Japan is 'n plek vol kersiebloeisels en spoke en lieflike tradisies. Die regte Japan is 'n rampgebied. |
| MA: | Gaan kyk en leer en beleef ... en skryf jou boek. |
| ENGELA: | (*Skype*) Kom kyk en besluit self. Dis 'n vreemde, wonderlike plek. |
| | *Ilse se selfoon lui. Dis Lukas.* |
| LUKAS: | Haai. Dis Lukas. |
| ILSE: | Swot jy? |
| LUKAS: | Nee, ek speel Assasins Creed. |
| ILSE: | My ma het toestemming gegee. Dis official. |
| LUKAS: | Cool! Jy's seker hiperbly! Solank jy terugkom. |
| ILSE: | (*lag*) Eendag sal ek, Lukas. |
| LUKAS: | Ons kan vriende bly op Facebook. |
| ILSE: | Meer as dit, hoop ek. |
| LUKAS: | Penvriende? |
| ILSE: | Skype. |

Kopiereg voorbehou 

| | |
|---|---|
| LUKAS: | Whoa, nie so haastig nie! Netnou trou jy met 'n Manga-Japannees en waar's ek dan? Wat maak jy nou? |
| | *Ilse trek haar kimono uit.* |
| ILSE: | Ek trek my kimono uit. |
| LUKAS: | Moet ek kom help? Hehe. |
| ILSE: | Ag gaan slaap. |
| LUKAS: | Ek het so 'n idee jy gaan lekker doeks vanaand. Niks nagmerries en monsters en vroue met twee monde nie. |

9.7 Ilse en haar ma se dialoog in reël 6–17 dui op tekens van karakteront = wikkeling wat reeds plaasgevind het.

Verklaar hoe elkeen se karakter ontwikkel het en sê hoe die konflik tussen hulle opgelos is. (3)

9.8 Hoe het Lukas vroeër in die drama gehelp om die ma-dogter-verhouding te probeer verbeter? (1)

9.9 Verklaar wat Ilse se handeling in reël 34 op konnotatiewe vlak beteken. Dink jy hierdie handeling is 'n ironiese wending? Motiveer jou antwoord. (2)

9.10 Gee die Japannese mitologiese name vir die monster en die vrou met twee monde na wie Lukas verwys en verduidelik die verband tussen die vrou en Ilse se ma. (3)

9.11 Hoe verskil Ilse se gemoedstoestand aan die einde van TEKS D van haar ingesteldheid in TEKS C? (1)

9.12 Wat, dink jy, is die tema en boodskap van hierdie drama? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS HUISTAAL V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE:** **80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die **tweede antwoord word geïgnoreer**. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer.**

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasien-riglyn nagesien.

6. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. *Literêre opstel*:
   As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/vakhoof. Die nasienriglyn is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.

8. *Kontekstuele vrae*:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- **Dis ŉ breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Verliefdheid is kortstondig** en die verhouding kan afsterf, of dit kan in liefde ontwikkel.
- **Verliefdheid word gekenmerk deur liggaamlike begeertes**, terwyl liefde eerder ŉ innerlike gevoel en liefdesband behels.
- **Verliefdheid lê in die buitekring van die sintuie**, maar liefde eerder in die fyn nuanses – soos in die glim van ŉ lag en die opslag van ŉ oog.
- **Verliefdheid behels drange wat deur die sintuie ervaar word**, maar liefde kan nie so maklik ervaar word nie en is baie meer onopsigtelik.
- **Die metafoor en vergelyking van die kragdraad wat dun is en so onbreekbaar is soos ŉ haar** beklemtoon die kompleksiteit van liefde.
- **Die kragdraad wat dun is** beklemtoon die onsigbare band tussen geliefdes.
- **Die kragdraad word verder vergelyk met iets onbreekbaar**, want dit beklemtoon hoe broos die liefde is.
- **Die vergelyking is ironies, want ŉ haar kan teruggroei** – as dit ware liefde is, sal die moontlike probleme in ŉ verhouding opgelos kan word. Daar is dus altyd hoop.

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG – Afrika, my Afrika

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Die leser verwag om van die trots, patriotisme rondom Afrika te lees, maar kom dan agter dat die gediginhoud op 'n moedeloosheid/ pessimisme dui./'n Mens sou verwag dat 'n inwoner van Afrika wat "Afrika, my Afrika" sê, tuis op die vasteland sal voel, maar die klein irritasies maak hom radeloos. √ | 1 |
| 2.2 | Dit sluit aan by die spottoon in die gedig./<br>Dit dui op Bybelse erns wat in die gedig aangeraak word./<br>Dit dui daarop dat die gedig 'n formele teks is. √ | 1 |
| 2.3 | r-alliterasie: beklemtoon die irritasies (wat die spreker radeloos maak). √<br><br>a-assonansie: beklemtoon die ratsheid van die vlooi. √ | 1<br><br>1 |
| 2.4 | Die muskiet se aksie word oordryf deurdat dit voorkom of hy prospekteer. √<br><br>Die vlooi word vergelyk/gelykgestel aan 'n springhaas. √<br><br>Die spreker se vel word (subtiel) met 'n groot oop vlakte vergelyk. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 2.5 | Die springaksie van die vlooi word visueel uitgebeeld. √ | 1 |
| 2.6 | Die hartseer/geweld in Afrika word deur die gedig opgeroep: koloniale uitbuiting, slawerny, siekte, honger en oorloë veroorsaak Afrika-pessimisme. √<br><br>Hier heers 'n spottende toon met 'n onderliggende erns. √ | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG – Mercedesrit in die aand

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | (Elisabeth Eybers se gedig) 'Busrit in die aand' √ | 1 |
| 3.2 | Inversie √<br><br>Die voorplasing van 'Sit' beklemtoon die passiwiteit van die bestuur = ers./Die voorplasing van 'Sit' laat die leser op die handeling eerder as die bestuurders fokus./Die beklemtoning van 'sit' suggereer die weersin/disrespek van die spreker teenoor diegene wat floreer ten koste van ander. √ | 1<br><br>1 |
| 3.3 | Tersines √ | 1 |
| 3.4 | Strofe 2 verduidelik hoe die verflenterde bedelaar blootgestel is aan die wind en weer en in strofe 3 is die motor en bestuurder goed beskerm teen die elemente./Op konnotatiewe vlak word stukkende mense met heel mense gekontrasteer. √<br><br>Strofe 3 handel oor welvaart/weelde en die ster is die kenteken van 'n Mercedes wat welvaart suggereer. √<br><br>Ja<br>Die spreker meen dat die Mercedes vir die bestuurders bekostigbaar is uit die opbrengs van geld deur die uitbuiting van minderbevoorregtes. / Wat ander ontsê word, betaal vir die rykmanslewe van mense wat Mercedese kan bekostig./Dié wat niks anders as 'n slawemaal kan bekostig nie, se arbeid maak ander se rykdom moontlik. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 3.5 | Die moegheid/afgestomptheid/afwesigheid van die *executives'* word so beklemtoon. √ | 1 |
| 3.6 | Die nood/hartseer van armes word dikwels deur rykes/suksesvolle mense misken. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie boodskap binne konteks van die tema vir EEN punt aan*, bv. Ek het opnuut geleer dat ek sosiale deernis aan my medemens/behoeftiges/minderbevoorregtes moet betoon. √ | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG – pa

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Die feit dat die pa nie die tipiese sterk man was nie/dat die pa sagmoedig was, word hierdeur met 'n kort en kragtige/eenvoudige/sterk stelling beklemtoon./Dit beklemtoon die feit dat haar pa anders was (sagmoedig/gevoelvol) as wat die samelewing hom gesien het (hard/gehard). √ | 1 |
| 4.2 | Die aanhoudende lag-en-praat/ween-en-roep-aksie word uitgehef./Sy herroep belewinge/herinneringe en die een volg die ander op./Die afwesigheid van leestekens is tipies van die vrye vers. √ | 1 |
| 4.3 | Herhaling √ | 1 |
| 4.4 | "ontslape" √<br><br>Die pa was kreatief/liefdevol. √ | 1<br><br>1 |
| 4.5 | "murgsag en in die liefde geskaad" √<br><br>Die pa se huwelik was moontlik op die rotse./Die gemeenskap het moontlik nie die pa vir sy ware menswees waardeer/aanvaar nie./Die lewe het die pa emosionele letsels toegedien./Die pa het verlies van mense na aan hom ervaar. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Ja<br>Die pa het in sy selfdoodbrief geskryf dat sy dood so moes gebeur./hy rustigheid het rondom die dood./Haar pa is teruggegee aan die bodem wat hy so innig liefgehad het./'n Kind van die aarde is terug na die aarde.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Geen woorde kan vir 'n kind vertroosting bring wanneer hul ouer selfdood pleeg nie./Niks kan die verlies van 'n ouer versag nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 4.6 | Weemoedigheid/'n Hartseer stemming √<br><br>Die digter maak gebruik van lang woorde/lang vokale/die lang a-klank/ assonansie √ | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG – storm

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Geen vaste rymskema/Geen vaste strofebou/Geen leestekens/Geen hoofletters √ | 1 |
| 5.2 | see √ | 1 |
| 5.3 | Metafoor √<br><br>Die (onstuimige) see maak diep/dreigende geluide./Die see maak (diep) geluide soos ŉ basviool. √<br><br>Alliterasie/b-alliterasie √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 5.4 | Strofe 2 – Die wind verskuif die sandduine na nuwe liggings./Die wind dwing die blomme om toe te gaan. √<br><br>Strofe 3 – Die voëls se vlug word gestuit./Hulle soek eerder veiligheid op die aarde as om te vlieg. √ | 1<br><br>1 |
| 5.5 | ŉ Storm het ŉ beduidende uitwerking op die natuur. √ | 1 |
| 5.6 | Die spreker beklemtoon dat slegs die pikkewyne die vermoë het om vir die wind/storm weg te kruip omdat hulle onder die water kan swem. √<br><br>Net onder die water is daar skuiling/is dit veilig. √ | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: OPSTELVRAAG

***DROOMDELWERS* – Esta Steyn**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- **Dis ŉ breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Leendra ervaar uiterlike konflik met Gilbert Redelinghuys** omdat sy glo hy ŉ aandeel aan haar skuldigbevinding gehad het en sy hom daarvoor wil terugkry.
- **Leendra is steeds baie kwaad vir Gilbert** en laat hom goed verstaan dat sy ŉ wrok teen hom koester en niks met hom te doen wil hê nie/dat hy haar suster moet uitlos, want hy en sy ma het haar lewe verwoes.
- **Leendra se woede teenoor die Redelinghuyse het nog nie verdwyn nie**, want sy sê vir Gilbert dis hy en sy ma wat haar lewe opgeneuk het en sy wil hul daarvoor laat betaal.
- **Leendra en Minette daag mekaar uit by Patty se verjaardagpartytjie** omdat hul ook ŉ geskiedenis van konflik het wat steeds nie opgelos is nie.
- **Leendra baklei met haar oom oor haar ma se orrel wat aan ŉ handelaar van die Kaap verkoop is** en hy nie die sentimentele waarde daarvan respekteer het nie, want die orrel is vir haar van onskatbare waarde – dit is ŉ herinnering aan haar ma.
- **Leendra kan nie glo dat Samuel in die Kleinkloof kamp nie** en trek sy tentpenne uit in reaksie op haar woede, want sy wil nie hê iemand moet op daardie grond kom nie.
- **Leendra vertrou nie vir Samuel nie omdat sy vermoed hy iets wegsteek** en daarom is haar houding jeens hom een van agterdog en antagonisme.
- **Leendra praat ontsteld met Patty na die insident waar Sielie Gilbert se Porche beskadig het**, omdat Patty neerhalend van Sielie praat en sy dit nie sal duld nie.
- **Leendra ervaar innerlike konflik oor Sielie se hartseer situasie** en wonder of sy haar sal onthou toe sy vrygelaat is, maar sy is hulpeloos omdat sy nie voel dat sy iets omtrent die situasie kan doen/verander nie.
- **Leendra is na haar vrylating uit die Silwerkruis-gevangenis nog wroegend en kwaad,** want sy weet steeds nie wie vir haar ouers se dood verantwoordelik is nie en dit vreet haar op/laat haar uiters gefrustreerd voel/ontneem haar ŉ kans op vryheid.
- **Leendra sê vroeg in die roman reeds dat sy nooit sal vry wees voordat sy weet wat sy moet weet nie**, want die geheime hou haar gevange in die hartseer verlede waaruit sy wil ontsnap.

- **Leendra ervaar innerlike konflik oor haar verhouding met Ferdinand voor haar ouers se dood** omdat sy besef die verhouding het 'n negatiewe impak op haar verhouding met haar ouers gehad en sy is spyt dat sy nooit vir haar ouers kon jammer sê nie.
- **Leendra het baie vrae oor die verlede**, want sy onthou byvoorbeeld van die Italianer wat die dag van die ontploffing in die kloof was en dit bekommer haar dat sy nie weet wie hy is nie en sy wil agter die kap van die byl kom.
- **Leendra ervaar innerlike konflik oor haar pa se finansiële situasie** en is onseker of hy werklik bankrot was, want sy vermoed dit is nie die waarheid nie.
- **Leendra bots met die groter krag van die dood**, want sy is kwaad omdat haar ouers op so 'n vroeë ouderdom gesterf het en dink dis onregverdig dat hul van haar weggeneem is.
- **Leendra is vasgevang in die seer van die verlede** omdat sy glo die ontploffing waarin haar ouers dood is, moord was, maar sy het nie al die antwoorde op hierdie moordraaisel nie.
- **Leendra bevind haar steeds in 'n warboel van raaisels** en is agterdogtig toe sy uitvind Samuel is die Italianer se vennoot en wil weet hoekom hy voor die ontploffing in die Kleinkloof was, want sy vermoed hy weet iets omtrent haar ouers se dood.
- **Leendra se karakterontwikkeling word gestrem deur haar innerlike konflik**, want sy verklaar dat 'n mens net vry kan wees as jy kan vergewe en sy is nog nie gereed om dit te doen nie, want sy het nie antwoorde op haar baie vrae nie.
- **Leendra delf in haar verlede is** juis omdat sy innerlike konflik ervaar en sy jaag onbewustelik 'n droom na vryheid van gemoed na.
- **Leendra se innerlike konflik aktiveer eindelik die behoefte om te droom oor 'n beter toekoms vir almal**, want sy wil in haarself, haar omstandighede en verlede delf op soek na 'n beter toekoms sodat sy kan vry wees.
- **Pastoor Gerald ervaar innerlike konflik oor die beroep in die Kaap** wat hy moet aanvaar, want hy weet nie of dit die regte besluit vir hom en sy familie is nie.
- **Pastoor Gerald ervaar later weer konflik toe hy besluit het om die beroep te aanvaar**, want hy besef dat Vlaktevlei nou 'n leier nodig het en daarom is dit nie die regte tyd om te gaan nie.
- **Pastoor Gerald ervaar ook innerlike konflik oor sy besluit om Kaap toe te gaan omdat hy verlief is op Rebekka** en haar nie in die proses wil verloor nie.
- **Pastoor Gerald ervaar konflik omdat hy verlief is op Rebekka** terwyl hy 'n getroude man – en 'n man van God is.
- **Pastoor Gerald se innerlike worstelinge/struwelinge lei tot uiterlike konflik met Jamaina** omdat sy wil Kaap toe gaan en besef dat hy gevoelens vir 'n ander vrou het – en hy weet hy dra skuld vir Jemaina se hartseer.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**[25]**

**OF**

## VRAAG 7: *DROOMDELWERS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Leendra is uit die Silwerkruis Gevangenis vrygelaat. √ | 1 |
| 7.2 | Derdepersoonsverteller √<br><br>Die verteller skep afwagting/spanning omdat die leser nie weet wat Sielie gaan doen nie/hoe Leendra gaan reageer nie. √ | 1<br><br>1 |
| 7.3 | Sielie (en Leendra) se ouers is in ŉ gasontploffing oorlede en sedertdien is Sielie se spraak (en gedrag) aangetas. √ | 1 |
| 7.4 | Sielie herleef die werklikheid van haar verlede deur haar verbeeldingsvlugte met haar lappopgesin en daarom wil die leser leidrade omtrent die baie raaisels in die intrige hierdeur probeer aflei./Die leser kry slegs gedeeltes van die waarheid deur haar poppespel en dit verhoog dus die spanning. √<br><br>Sielie se handeling met die lappoppe het eindelik tot die beantwoording van onopgeloste vrae gelei wat haar eindelik bevry het/emosionele gesondheid besorg het sodat sy as jong meisie tot nuwe insigte kon kom/kon ontwikkel. √ | 1<br><br>1 |
| 7.5 | Leendra is spyt dat sy nooit die kans gehad het/gaan hê om vir haar ma (ouers) jammer te sê oor die gebeure rondom haar verhouding met Ferdinand nie, want haar pa was nie ten gunste van hul verhouding nie./die diefstal/die moord nie omdat sy dit baie graag sou wou doen en later daarna smag om dit te kon doen. √<br><br>Nee<br>Haar ma is oorlede voor sy dit kon doen. √<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN voorbeeld van uiterlike konflik aan en motiveer of die konflik opgelos is, bv.*<br><br>Leendra en Minette ervaar uiterlike konflik by Patty se verjaardagpartytjie toe Minette Leendra uitdaag oor haar teenwoordigheid en Leendra snedig reageer. √<br><br>Ja, die konflik word opgelos.<br>Leendra en Minette gesels beskaafd/rustig met mekaar by Rebekka se begrafnis nadat albei ŉ folteringsproses deurgemaak het/tot bepaalde nuwe insigte omtrent die lewe gekom het. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die konflik vir EEN punt aandui.* | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | Mario Martinelli √<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE karaktereienskappe en 'n motivering van elkeen vir EEN punt elk aan, bv.*<br><br>Romantikus – na 'n warrelwind vriendskap en romanse met Gretel vra hy haar om te trou.<br>Ambisieus/Sakevernuf – Western Mining/Sy mynmaatskappy delf in die Agterkloof op soek na graniet/Koop Vlaktevlei uit. √√ | 1<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 7.7 | Vertellersperspektiefsprong/Dit dui 'n sprong tussen die verlede en die hede aan/Tydsprong. √ | 1 |
| 7.8 | Oom Phil het selfdood gepleeg (en dis op daardie spesifieke plek waar Leendra blomme gaan neersit.) √<br><br>Ja<br>Leendra het vrede gevind/karakterontwikkeling ondergaan/tot nuwe insigte gekom nadat sy diep gederf het/'n kans op 'n nuwe lewe het. √<br><br>*Die kandidaat kan nie "nee" as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.9 | Benaming √<br><br>Leendra het 'n vurige humeur/geaardheid gehad. √ | 1<br><br>1 |
| 7.10 | Ja<br>Die leser het verwag dat die Vlaktevleiers hul gemeenskap moes ontruim/hul huise sou van hul weggeneem word, maar nou word nuwe huise gebou en strate geteer. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die ironiese wending vir EEN punt aandui.*<br><br>Ja<br>Dit is 'n droom wat vir die Vlaktevleiers waar word wanneer hulle nie hul gemeenskap hoef te ontruim nie. √<br><br>Pastoor Gerald het by Rebekka se begrafnis verklaar dat met haar dood toets die Here die Vlaktevleiers om te sien of hulle mekaar kan vergewe/kan liefhê (soos ware manne en vroue van sout). √ | 1<br><br><br><br>1<br><br>1 |
| 7.11 | In TEKS A is Leendra gefrustreerd/moedeloos/hartseer, maar in TEKS B is sy uitbundig/opgewonde/uitgelate. √ | 1 |
| 7.12 | *Droomdelwers* fokus op die verwoestende effek wat hebsug/geldgierigheid op mense/gemeenskappe kan hê. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie boodskap binne die konteks van die tema aan, bv.*<br>Ek het opnuut geleer dat dit belangriker is om 'n behoorlike/goeie medemens te wees voordat ek op ander mense trap om my eie (finansiële) voorspoed te bewerkstellig. √<br><br>Leendra moes in haarself/die verlede delf om eindelik by die droom van 'n beter toekoms uit te kom. √ | 1<br><br><br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**OF**

***MY JAPAN* – Schalk Schoombee**

**VRAAG 8: *MY JAPAN*– LITERÊRE OPSTEL**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Ilse bots uiterlik met haar ma** omdat haar verwagtinge deurentyd so hoog is en sy nie daaraan wil voldoen nie.
- **Ilse bots ook met haar ma omdat sy gefrustreerd is** met haar huislike omstandighede waarmee sy nie tevrede is nie, want sy voel hartseer dat sy aan hierdie gesinsdinamika blootgestel moet wees.
- **Ilse se verhouding met haar ma is erg problematies** omdat sy kwaad oor die disfunksionaliteit van hul situasie is en besef sy niks daaraan kan doen nie – of dat die situasie nie kan verbeter nie.
- **Ilse is kwaad omdat haar gesin verbrokkel het**, want die tragedie van haar broer se dood het in uiterlike konfliksituasies na vore gekom omdat sy nie haar seer kan verwerk nie.
- **Ilse en haar ma bly bots**, want hul kommunikeer nie oor hul verlies nie en moet dit eers doen voordat hul emosioneel gesond kan raak.
- **Omdat Ilse uit 'n gebroke gesin kom**, ervaar sy konflik met die omgewing en samelewing se norme, want sy wil nie konformeer om soos die samelewing te wees nie.
- **Ilse ervaar skuldgevoelens/innerlike wroeginge oor haar broer wat verdrink het** omdat sy veronderstel was om na hom te kyk – en het nie – maar sy voel dis onregverdig dat sy vir haar broer se veiligheid en sorg aanspreeklik gehou moet word.
- **Iris ervaar innerlike konflik omdat sy as buitestander getipeer word**/nie in die skoolgroep inpas nie, want sy is anders en wil nie konformeer nie en sy voel dat sy die reg op haar andersheid het.
- **Ilse ontsnap na haar verbeeldingswêreld wanneer haar innerlike konflik/skuldgevoelens haar onderkry**, want sy idealiseer Japan waar Engela woon omdat haar huislike omstandighede/werklikheid haar baie hartseer maak.
- **Omdat Ilse ontevrede is met haar gesin/innerlike konflik ervaar**, skep sy in haar verbeeldingswêreld vir haar 'n nuwe, gelukkige Japannese gesin omdat haar gesinslewe haar ongelukkig laat voel.
- **Ilse se onvermoë om as karakter te ontwikkel is gesetel in die innerlike konflik wat sy in haar lewe beleef het**, want haar broer se dood en haar ouers se optrede laat haar hartseer voel omdat sy meen sy van lewensgeluk ontneem is.

- **Iris se karakterontwikkeling word gestrem** omdat haar innerlike wroeging omtrent die lewe in haar pad staan en sy sukkel om die werklikheid te aanvaar en aan te beweeg/emosioneel afstand te doen van 'n verbeelde werklikheid.
- **Ilse se vermoë om die konflik met haar ma op te los word gestrem** omdat sy en haar ma nie hul verlies verwerk nie en dit nie kan gebeur alvorens elkeen se eie seer beter is nie.
- **Ilse het 'n sterk wil van haar eie wat haar innerlike konflik aanvuur** omdat sy nie insette van haar ma (oor byvoorbeeld akademie) waardeer nie omdat sy hardkoppig/eiewys/seer is.
- **Ilse is aanvanklik 'n tiener wat deur haar skuldgevoelens verteer word**, maar sy groei en leer om die konflik uit te daag, want sy raak later emosioneel sterker.
- **Ilse se innerlike konflik taan en sy is eindelik 'n jong volwassene wat insig in haar probleme kry**, want sy word aan ander se ervaringswêrelde en probleme blootgestel wat haar leer om haar situasie beter te bestuur.
- **Ilse verwerk haar seer/haar innerlike konflik word opgelos**, want sy besef dat sy nie kan toelaat dat die seer van die verlede haar verder negatief beïnvloed nie omdat sy besef/tot insig kom dat sy geluk wil najaag
- **Mercia ervaar innerlike konflik oor die hartseer dood van haar seun** omdat sy verpletter is dat sy nie iets aan die situasie kan doen nie.
- **Mercia ervaar ook uiterlike konflik met Ilse oor die dood van Danie**, want sy is van mening dat Ilse na haar boetie moes omsien, maar sy weet nie presies hoe om Ilse te laat verstaan dat sy nie vir Danie se dood verantwoordelik is nie.
- **Mercia ervaar innerlike konflik oor haar verbrokkelde huwelik**, want haar man het die gesin verlaat en Australië toe getrek en sy moet as enkelouer 'n moeilike tiener grootmaak en broodwinner wees.
- **Mercia ervaar konflik oor Ilse se obsessie om Japan toe te gaan**, want sy is bang om nog 'n kind te verloor en sy weet nie hoe om die situasie sensitief en korrek te benader nie.
- **Mercia en Ilse se konflik word eindelik opgelos** wanneer hul albei in die ontboesemingtoneel mekaar vryspreek van skuld en verwyte oor Danie se dood omdat hul elkeen emosioneel sterker geword het en kans sien vir die lewe.
- **Mercia se konflik word verder opgelos wanneer sy vir Ilse toelaat om Japan toe te gaan**, want sy sê Ilse moet die wêreld gaan beleef sodat sy haar storie kan skryf en sy dus vrede in haar hart het dat sy nie haar dogter gaan verloor deur haar die belewenis van Japan te gun nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**OF**

## VRAAG 9: *MY JAPAN* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Die leerlinge – in die gimnasium √<br>Ilse – links op die verhoog/voor op haar plek, Japan √<br>Elzette – regs op die verhoog/voor op haar plek, Gotham City √<br><br>Hierdie gedeelte beeld die botsing tussen strydende partye uit – die tipiese handeling in hierdie fase van die drama. √ | 1<br>1<br>1<br><br><br>1 |
| 9.2 | Elzette kom in opstand teen aanvaarbare sisteme/ordes/die konvensionele/normaliteit. √<br><br>Ja<br>Elzette is ŉ goth/vrydenker wat haarself sny en haar gedrag is dus in lyn met haar lewensbeskouing/oortuigings.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Elzette moet leer om te konformeer, want ŉ mens kan nie altyd jou waardes in alle omstandighede (uit)leef nie.√ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 9.3 | Ilse se pa het die gesin verlaat/het Australië toe getrek toe die hartseergebeure van haar broer se dood hul gesin getref het. √ | 1 |
| 9.4 | Die verteller wil vir die leser die geordende Japannese leefstyl illustreer./Die verteller gee subtiel aan die leser die idee dat Japan baie meer ordelik as Suid-Afrika is. √ | 1 |
| 9.5 | ŉ Frenetiese dans is ŉ wilde dans met opwinding/passie en vrees/pyn. √<br><br>Elzette se dans is vry/sonder ŉ vaste struktuur terwyl die leerlinge se dans georden/gechoreografeer/ritmies/soos soldate is. √<br><br>Elzette is anders as die ander leerders/huldig ŉ ander lewensbeskouing/pas nie in die gekonformeerde wêreld/die normale in nie./Sy sukkel/weier om te konformeer. √ | 1<br><br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 9.6 | Toneelaanwysings/neweteks √<br><br>Die toneelaanwysing bied aan die karakters/spelers spelleiding ten opsigte van hul handeling/posisie op die verhoog./<br>Die toneelaanwysing bied aan die leser ŉ visuele blik op die karakters se handeling/posisie op die verhoog./Die toneelaanwysing help dat die leser verstaan dat die karakters nou met mekaar *Skype*. √ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.7 | Ilse se ma wou nie toelaat dat Ilse Japan toe gaan nie (omdat sy nie nog 'n kind wou verloor nie), maar laat haar nou toe om Japan te gaan ervaar. √<br><br>Ilse was vasgevang in haar veilige kopruimte, Japan, en het geglo dis 'n utopia/ontsnappingsruimte, maar sy besef nou die werklikheid van haar en haar ma se hartseer situasie/het nie meer illusies oor Japan nie. √<br><br>*Karakterontwikkeling moet aandui hoe die karakter* <u>*was*</u> *en hoe die karakter* <u>*nou is*</u>*.*<br><br>Ilse en haar ma het in die ontboesemingtoneel mekaar vrygespreek van enige aandeel aan/skuld vir Danie se dood en die konflik is so opgelos. √ | 1<br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 9.8 | Lukas sê vir Ilse dat hy begrip het vir Ilse se ma se siening en dat sy dit moet probeer verstaan: sy wil nie nog 'n kind verloor nie. √ | 1 |
| 9.9 | Ilse doen (simbolies) afstand van haar obsessie met Japan. √<br><br>Ja<br>Die leser het verwag dat Ilse enduit haar obsessie met Japan gaan volhou, want dit sou vir haar vryheid/ontsnapping van haar huidige omstandighede verseker. Nou kom sy egter tot die insig dat sy nie die werklikheid kan ontsnap nie en dus nie Japan toe hoef te gaan om beter te begin voel nie. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die ironiese wending vir EEN punt wys.* | 1<br><br>1 |
| 9.10 | Monster – Akashita √<br><br>Vrou met die twee monde – Futakuchi-onna √<br><br>Daar word 'n parallel getrek omdat Ilse se ma twee kante het – aan die een kant die hartseer/moeilike/aanhoudende ma en aan die ander kant die professionele beroepsvrou. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.11 | Ilse aanvaar aan die einde van TEKS D die werklikheid en doen afstand van haar obsessie met Japan, terwyl sy in TEKS C met alle mag en geweld in Japan wou kom om van haar huidige omstandighede te vlug. √ | 1 |
| 9.12 | 'n Tragedie kan 'n geweldige negatiewe invloed op 'n gesin hê./'n Tragedie kan 'n gesin vervreem van mekaar/uitmekaarskeur. √<br><br>*Die kandidaat formuleer binne konteks 'n eie boodskap, bv.*<br><br>Ek het opnuut geleer dat ek my gesin moet waardeer./Ek het geleer dat daar tog hoop is as ongeluk my tref. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**7 PUNTE** | - Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>- Uitstekende begrip van die genre en gedig | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>- Respons redelik gedetailleerd<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>- Begrip van genre en gedig duidelik | - Redelike interpretasie van die onderwerp<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van genre en gedig | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>- Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>- Onvoldoende begrip van genre en gedig | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- Geen verwysing na die gedig nie<br>- Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL**<br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**3 PUNTE** | - Samehangende struktuur<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>- Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>- Vloei van argument kan gevolg word<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>- Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie | - Struktuur swak<br>- Ernstige taalfoute<br>- Foutiewe styl |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |

## AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**15 PUNTE** | - Uitsonderlike respons: 14–15<br>- Uitstekende respons: 12–13<br>- Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>- Uitstekende begrip van die genre en teks | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>- Respons redelik gedetailleerd<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>- Begrip van genre en teks duidelik | - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van genre en teks | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>- Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>- Baie min relevante argumente<br>- Weinig begrip van genre en teks | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- -Swak poging om die vraag te beantwoord<br>- Argumente oortuig nie<br>- Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**10 PUNTE** | - Samehangende struktuur<br>- Uitstekende inleiding en slot<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | - Duidelike struktuur<br>- Logiese vloei van argument<br>- Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>- Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>- Paragrafering meestal korrek | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie<br>- Paragrafering foutief | - Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>- Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>- Styl en toon nie geskik nie<br>- Paragrafering foutief |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou